

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

28 Februarie 2009b

Ons kom aan die einde van die somer en nou is jou laaste geleentheid om van onkruide en onkruid sade ontslae re raak en in spesifiek praat ek vandag oor indringerplante.

- Die mees opvallendste indringerplant wat wat nou soos bossies orals staan is die luisbome wat ook in engels as bugweed bekend staan. Die spesifieke indringer word aan sy groot harige liggroen blare uitgeken met wit onderkante. Die plant groei ongeveer 2-4m hoog maar kan tot en met 10m hoog word. As jy die plant of blare sou breek stink dit geweldig. Dit kry ook trosse geel bessies wat baie vinnig ontkiem en groei, en dis wat ek nou bedoel om van die plant en sade ontslae te raak voor dit orals opkom. Die plant moet maar verkieslik baie versigtig met al die wortels uitgehaal word of afgesny word en die wortels vergiftig. As daar geen ander plante in die omgewing is nie, kan 'n mens ook 'n algehele plantdoder gebruik wat dit sal doodmaak.
- Die ander een wat orals nou volop in blom is en nauurlik daarna sade gaan maak is die Purperwinde of Morning Glory soos dit ook bekend is. Hierdie is eintlik 'n besonderse mooi ranker en 'n mens sou nie sê dis eintlik 'n onkruid nie. Hierdie kruidagtige ranker kan geweldig hoog in bome opklim en gee op die oomblik baie mooioop pers kelkagtige blomme. Die plant groei baie vinnig vrek gewoonlik weg in die winter. Na die winter kom dit twee keer so sterk terug. Die beste manier is om maar net die plante met wortels en al uit te haal.
- Die laaste een waaroor ek wil praat wat tien teen een die belangrikste van almal en ook die moeilikste is om van ontslae te raak is die Gewone dodder. Dit is nie net 'n onkruid nie maar ook 'n parasiet. Dodder lyk soos 'n lang dikkerige geel stuk vislyn of spaghetti. Dit bevat glad nie Chlorofil nie en kan glad nie doodgespuit word nie. 'n Mens moet letterlik die onkruid versigtig afbreek en verbrand. Die kleinste stukkie wat op die plant agterbly of op die grond val sal weer groei. Nou vra mense my waar kom die plant dan vandaan. Voels vreet baie maklik die saad en so versprei dit in die snaakste pleke. Die problem nou met al die reën en die lekker warm weer versprei dit geweldig vinnig en sukkel 'n mens jou dood om daarvan ontslae te raak.

As jy jouself baie tyd en moeite wil spaar raak eerder nou daarvan ontslae voor dit 'n probleem word of die probleem dalk groter word.

14 Februarie 2009

- Met al die reenvind 'n mensdat jou grasper baiesukkel in die oornat areas. As jou grasperk nou so 'n vaalgroen tot gelerige kleur ontwikkel is dit nie 'n siekte nie, maar net 'n tekort aan minerale. Kry vir jou 'n stadig vrystellende kunsmis hoog in stiktof soos 'n 5:1:5 of 7:1:3
- Oop modderige kolle is ook gewoonlik 'n teken van klei grond. As jy van die klei wil ontslae raak kan jy nou met jou tuinvurk gate insteek en 'n bolaag sand of fyn boombas opgooi en onthou so ongeveer 60gm Landboukalk per vierkante meter liggiesingewerk, sal help om die klei af tebreek.

- Die laaste van die onkruid sade ontwikkel nou en droog nou uit. Maak nou seker dat jy die plante wat saad skiet versigtig uittrek en weggooi, dan sal jou werk in die nuwe seisoen sommer baie makliker wees. Selfas al haal jy net die saad versigtig af en spit die bedding later om sal dit ook werk.
- Die laaste wenk wat ek graag hierdie week wil gee is oor jou plaveisel. As jy sit met 'n gladde stuk plaveisel met die mos wat daarop groei, so kan jy daarvan ontslae raak. Vat 'n gieter of emmer water, kry vir jou so ongeveer 'n halwe koppie chloor vir elke 10lt water en maak 'n sterk oplossing daarmeer aan. Versprei die chloorwater egalig oor die mos bedekte plaveisel en laat staan dit so vir tien minute. Gebruik 'n harde besem en skrop dit af. Jy sal sien dat dit baie makliker afkom as wat jy gedink het. Onthou net dat die sterk Chloor oplossing baie gevaarlik is en maklik jou klere kan beskadig. 'n Mens kan ook die Chloor vir bleikmiddel vervang maar met minder water. Die belangrikste van hierdie hele oefening is om die Chloor behoorlik orals af te was en goed te verdun as jy klaar is.

tuis&home

EFEKTO For Life